

KOERSVAS

Uitgawe 14 Jaargang 1 3 Mei 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Kerklieke teoloë

Die aanhoudende bemarkingsaandag wat nou geskenk word aan teologiese opleiding te UP val op. Gesprek na gesprek word gereël, en telkens word die dosente na die verhoog geroep om te vertel hoe nodig hulle is en hoe goed en reg die saak van kritiese navorsing is. Daarmee saam dring die dosente daarop aan dat hulle kerklieke teoloë is en wil wees. Wat is 'n "kerklieke teoloog"? Om die verwarring wat daar eerstens skynbaar by die fakulteit is te illustreer, sal ons na 'n dosent se voordrag gaan kyk. Hierdie redaksioneel wil die leser met vrae laat en debat stimuleer. Net soos met die vrae wat aangehaal word, moet die leser eie veronderstellings en oortuigings raaklees. Die nuutste tafelgesprek van April se voordrag deur prof Van Eck sal aangehaal word om die saak in perspektief te stel. Opvallend is dat daar net van 'n vorige era se dosente aangehaal word in sy voordrag. Is die **eietydse** dosente se perspektiewe absoluut in lyn met die vorige dosente s'n? CAVEAT! (Latyn vir waarskuwing) Indien die leser "ja" antwoord, gaan Van Eck se woorde homself weerspreek. Indien die antwoord "nee" is, is die vraag na

die noodsaak van **eietydse** dosente aanhaal (Waarom word hulle **nie** aangehaal nie?). Kom ons beperk ons tot die saak op die tafel, naamlik die vraag na kerklieke teologie.

Van Eck haal instemmend prof BJ Engelbrecht aan: "*Eksegese is altyd in diens van die prediking van God se Woord*".

Dit beteken immers dat 'n **kerklieke teoloog se arbeid in diens van prediking moet staan**. Watter plek binne kerklieke teologie het 'n boek (en die outeur) wat teoretiseer oor 'n vaderlose rabbi in Galilea?

Waar is daar plek vir die **aanduibare gevolgtrekking** dat Jesus nie Seun van God is nie?

Hoe dien 'n weerspreking van die twee-nature leer die kerklieke teologie?

Waarom is die outeurs van die boeke wat aan studente voorgeskryf word mense soos 'n Crossan, Borg en Funk, mense wat in die openbaar die godheid van Jesus ontken?

Prof Van Eck se **ideologies gedrewe vraag ontmasker** sy eie politieke oortuiging. Ek haal sy woorde aan: "*Hoekom bly die volkskerk-begrip vir sommige so belangrik, dit, terwyl die meerderheid van die NHKA reeds by herhaling met instemming verklaar het die*

volkskerkidee, Bybels-teologies gesien, nie 'n aanvaarbare kerkbegrip is nie? Let wel dat hierdie vrae is, en nie stellings nie.

Stellings kan verskillende vorme aanneem, hulle kan selfs in die vorm van vrae aangebied word. Baie sake in hierdie redaksioneel word as stellings in die vorm van vrae aangebied. Om Van Eck te antwoord, kom die volgende vrae op:

- Is kerklike teologie dan die teologie van die meerderheid?
- Hoe akademies-wetenskaplik is die bewering dat die “meerderheid van die NHKA” volkskerk nie sien as aanvaarbare kerkbegrip nie?
- Is die AKV gelyk aan die NHKA?
- Beteken 'n meerderheidsbesluit by die AKV dat die meerderheid van die NHKA se lidmate so dink?
- Is dit wat kerlike teologie is?
- Wat is die teologiese perspektief van die voorsitter van die NHKA dosente vergadering?

Kom ons laat hom self praat: *“Wanneer 'n teoloog in die NHKA in die huidige tydsgewrig klem sou lê op byvoorbeeld 'n inklusiewe ekklesiologie, 'n bepaalde standpunt sou handhaaf oor homoseksualiteit, klem sou lê op die geregtigheid van God as barmhartigheid of lidmate probeer bewus maak van genderkwessies, is dit nie omdat die teoloog 'n bepaalde modegier begin aanhang het deur die 'bevrydingsteologie' of die 'post-modernisme' na te volg of 'n sogenaamde naperter van die ANC te word nie. Die betrokke teoloog is bloot besig om relevante teologie te pleeg, naamlik om vanuit sy/haar konteks krities in gesprek te wees met wat as problematies in die huidige konteks beskou*

word. Net so terloops: In sy eie woorde wil Van Eck “relevante teologie pleeg” (Die woord pleeg het 'n negatiewe strekking soos blyk uit frases soos; pleeg moord, pleeg egbreuk, pleeg plagiaat).

- Is dit wat die kerk nodig het?
- Is dit werklik kerklike teologie wat maak dat jy jou eie standpunt oor homoseksualiteit wil voorhou as die Bybels-korrekte een?
- Is daar werklik kerklike teologie teenwoordig indien die meerderheid van die kerk teen inklusiewe (integrasie) ekklesiologie kies en hou van 'n volkskerk as evangelisasie instrument?

Verskoon die getalle argument, maar al die voorbeelde wat genoem word, staan teenoor die **huidige amptelike standpunt** van die NHKA. Is sy stellings dan die amptelike standpunt van die NHKA?

Dit dien geen doel om die argumentasie van die goeie professor punt vir punt te beantwoord nie. Dit is duidelik dat daar nie 'n gedeelde verstaan van die begrip kerklike teoloog is nie. 'n Kerklike teoloog **dien die kerk en lei die kerk om die belydenis wat deur die eeue gehandhaaf** is, steeds te handhaaf. Dit lyk asof dit meer sin maak vir 'n kerklike teoloog om krities te reageer op byvoorbeeld die vervlakking van die huwelik, eerder as wat die teoloog deur sy skerp bewoorde “navorsing” die huwelik self in krisis laat kom. Lesers is welkom om reaksies op die redaksioneel te epos per kerende pos, dalk is dit nodig dat ons die vraag na die ware aard van kerklike teoloë ernstig onder die loep neem.

NUUSBROKKIES

- Baie geluk aan di Jaap en Tharina Steenkamp met die geboorte van hulle

eerste seun, Johan Jacob. Ons bid dat julle en julle gesin die seën van die Here mag belewe.

- Soos voorspel, het die KommAKV vir ds Gawie Wolmarans geskors onder Ordinasie 8.6, sonder dat daar geleentheid tot gesprek was. Dit maak die deur oop vir 'n klag teen hom sonder dat daar eers broederlike gesprek hoof plaas te vind. **Ordinasie 8.6 is 'n onchristelike ordinasie wat in geen wêreldse hof gehandhaaf sal word nie.** Ons dra ds Gawie en sy gesin in ons gebede.

- In die afgelope week het 'n lidmaat van 'n onafhanklike gemeente 'n wonderkriewel in hom gehad en is hy byna oorval deur onsekerheid. Sy vraag na Pretoria toe was, "hoe nou gemaak?" Die ondeurdagte, onbarmhartige raad deur twee strydlustige predikante (nogal KommAKV predikante) was dat die lidmaat 'n **dispuut met die gemeente moet verklaar**. Hierdie gevaarlike swaard moet uitgewys word vir die verwoestende aard in materiaal en snykante. Die staal van hierdie swaard is die humanisme met die enkeling as die alloo wat bygemaak word. Sy snykante is veelkantig. Indien die beginsel van 'n dispuut verklaar, aanvaar word, beteken dit dat sH lidmate nou wyd oor die land dispute kan en moet verklaar teen hul plaaslike gemeentes, asook die AKV en die KommAKV in die besonder.

KENNISGEWINGS

- **Koster** Hervormde Kerk Minibasaar 4 Mei 2013. Na die heerlike gemeentekamp

wat lidmate van die Koster Hervormde Kerk by Smal Boshersberg naby Swartruggens geniet het die naweek van 15 Maart 2013, word die vere reggeskud vir die Minibasaar wat op 4 Mei 2013 op die kerkterrein plaasvind. Almal se talente gaan weer ingespan word en daarby word diegene wat 'n stalletjie op die basaar wil hê ook nadergeroep. Kontak my gerus. Kom geniet al die lekker eetgoed en mooi dinge in 'n aangename gemoedelike atmosfeer. In ootmoed en dankbaarheid aan die Here God kan ons ook weer 'n vleistafel aanbied wat waarlik nie te versmaai is nie. As julle hou van 'n lekker basaar, dan sien ons julle daar. Verdere navrae: Belinda 083 627 0584.

- **Grootvlei** : ADAM EN MWAH: PLOT OPSKOP 31 Mei 2013, 15:00 tot laat. R70-00 p/p (Kinders onder 10 gratis) Kontak no **0828386303**

- **Premiermyn Hervormde Kerk:** Jagpakket 2013 Bestaande uit: 1 eland, 1 gemsbok, 2 rooibokke, 3 vlakvarke, 4 aande se verblyf. R100-00 per kaartjie. Navrae by Hans Esterhuizen: **0845812905/0128115165**

- **PHD:** Premiermyn se Dorkas nooi alle Damesverenigings om 'n tafel of twee te bespreek vir Dowwe Dolla Saterdag, 31 Augustus 2013. 10 dames per tafel @ R120 per persoon. Navrae by Alta: **0826821252**

Stuur u kennisgewings en nuusbrokkies na j.otto@telkomsa.net of na admin@stedshervormers.co.za vir opname in die volgende Koersvas.